
# HOOFSTUK V

## SAMEVATTING VAN DEEL A.

### 1. KERKLIKE SEGGENSKAP IN DIE ONDERWYS.

Die verhouding kerk-staat- skool het vanaf 1795 veel geskommel. Die kerk se seggenskap is bepaal nie deur verdienste nie, maar deur die willekeur van die staat wat hom alle seggenskap oor kerk en skool aangematig het. Alle seggenskap wat die kerk oor die skool besit het, was verleende seggenskap. Soos skematies aangedui in die voorstelling hieronder, was daar weinig stabiliteit in die verhouding staat-kerk-skool, want die staatsbeleid het weer gewissel met die willekeur van die goewerneur.




**Aanmerkinge:**

1. Hierdie skematiese voorstelling wil by benadering die werklike toestand aantoon en nie die rein wetlike aspek van die saak nie. As die figuur b.v. die de Mist-wetgewing moes aangee, sonder die werklike beheer van die skole in die tydperk in aanmerking te neem, sou die kromming tot baie naby die X gedaal het.

11. Die oorgang van een stelsel tot 'n ander is byna sonder uitsondering geleidelik. By die oorgang van Cradock na Somerset, byvoorbeeld, het ons nie te doen slegs met Koster- en vryskole nie. Daar was nog 'n groot aantal privaatskole. Ook het die kosterskole baie stadig verdwyn om plek te maak vir die vryskole - die een het nie meteens tot die ander oorgegaan nie.


111. Ook kan die kurwe nog nie 'n laagtepunt by 1839-1843 bereik nie. Die stelsel was maar in sy beginstadium en die grootste anglisasie sou later kom.

IV. Omdat alle kerklike seggenskap oor die skool van 'n verleende aard was, wat enige tyd weer herroep kon word, kan die kromming nooit die maksimum-lyn bereik nie.

V. Die kurwe kan nooit die minimum-lyn bereik nie, want die kerk het steeds 'n mate van indirekte seggenskap kon uitoefen deur sy lidmaat-ouers, veral in die verre binnelande waar die regering weinig beheer kon uitoefen.

## 2. KRINGLOOP VAN STROMINGE IN DIE OPVOEDKUNDIGE POLITIEK.

Gedurende die periode 1795 - 1803 het daar 'n dubbele kringloop in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse onderwys plaasgevind: die Voortrekkeronderwys het in hoofsaak aangesluit by die onderwys onder die N.O.K. en die wêreldlike staatskool van 1839 by die De Mist-




Opmerkinge:

1. Slegs hoofrigtings word aangedui; privaat godsdiensskole wat deurgaans bestaan het, word buite rekening gelaat.


II. Let op dat die twee stelsels, wat ontstaan het

deur die verdeling van die volk in 1836, twee uiterstes is wat godsdienstige onderwys betref.

111. Let op dat die Herschelskole aansluit by de Mist se wêreldlike staatskool van 1803 en dat die Voortrekkeronderwys weer aansluit by die ou N.O.K.-skool.

3. <u>DIE GEBRUIK VAN HOLLANDS IN ONS SKOLE.</u>

Die gebruik van Hollands in ons skole het volgens tyd en plek geweldig verskil. Tog kan ons die gebruik daarvan skematies by benadering voorstel soos in die grafiek hieronder.




**Opmerkings.**

1. Die kurwe kan nooit die X raak nie omdat daar altyd privaatskole was waar Hollands onderwys is en ook omdat onderwysers soos William Robertson en Innes ook Hollands gegee het in die Established Schools.

11. Hierdie grafiek kon ewegoed die politieke toestand voorgestel het. Die spanning wat in 1806 begin het, het geleidelik die breekpunt bereik in 1836. Dit dui weer op die wisselwerking van talryke faktore wat onafskeidbaar saamgestel is om die politieke, godsdienstige en opvoedkundige strominge te bepaal.